**Rooi Jan Alleman.**

François Loots. Kaapstad: Umuzi, 2013. 285pp. ISBN: 978-1-4152-0203-6 (Druk).
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.24

Die skrywer verduidelik in die "Nawoord" dat *Rooi Jan Alleman* "in die eerste plek fiksie, eerder as 'n biografie van Bram Fischer is". Die historiese persoon Bram Fischer was tydens die helfte van die vorige eeu 'n toonaangewende lid van die Kommunistiese Party. Tog verduidelik die skrywer dat dit nie sy doel was "om 'n roman oor Bram Fischer se lewe te skryf presies soos hy was nie; eerder om sy en sy kamerade se gees en geloof [in hul ideale, JC] te voorskyn te bring".

Die boektitel is aan Fischer se selnaam in die ondergrondse strukture van die Kommunistiese Party ontleen. Die skrywer sluit aan die einde van sy boek inligting in wat vir 'n leser wat in die historiese grondstof belangstel, as die beginpunt van 'n ondersoek kan dien. Dit sluit die belangrikste bronne in wat die skrywer geraadpleeg het, 'n lys intertekste waaruit daar, soms in gewysigde vorm, aangehaal is, asook 'n naamlys van historiese karakters wat in die verhaal optree.

*Rooi Jan Alleman* bied ook 'n ryk leeservaring aan persone wat genot uit die naïewe lees van 'n boek put. Dié leeservaring is die gevolg van oortuigende karakterisering in 'n teks wat dig geskryf en ryk is aan narratologiese elemente. Minstens drie verhaallyne loop vanaf die hoofstuk getiteld "Glip, gly—en weg" in die slot saam.

Die hoofverhaallyn begin met die geboorte van Bram, seun van Ella en Percy Fischer. Bram merk reeds as skoolkind op dat die wit gemeenskap lede van die swart gemeenskap minder ag. Hy maak op Oxford as student in die regte met Marxisme kennis en besoek Rusland. In die boek, en in die werklikheid, is Fischer as gevolg van sy verbintenisse met die Kommunistiese Party voortdurend in die regering en die polisie se visier. Hy word uiteindelik as gevolg van bedrywighede wat met hierdie verbintenisse verband hou, in hegtenis geneem en tronkstraf opgelê.

Drie figure ("spoke") uit die Afrikaner se geskiedenis is op feitlik elke bladsy op die agtergrond teenwoordig. Hulle is Oom Paul (Krüger), voormalige president van die Transvaalse Republiek, en 'n altyd dronk (Hendrik) Biebouw, 'n jong man wat homself in voortvarende dronkenskap in 1707 'n "Afrikaner" genoem het. 'n Derde "spook" sluit later by Oom Paul en Biebouw aan. Hy is Jopie Fourie, 'n 1914-rebel wat in dieselfde tronk tereggestel is as waarin Bram later aangehou is. In die werklike lewe, en in die boek, was Bram se vader, Percy Fischer, die regter-president van die Vrystaat en sy oupa, Abraham Fischer, die eerste minister van die Oranjerivierkolonie en minister in generaal Botha se kabinet. Beide het sterk, tradisionele Afrikanerverbintenisse gehad.

Hierdie drietal en Percy en Abraham verteenwoordig in die verhaal aspekte van Bram se verlede en sy siening van homself as Afrikaner. Bram sien homself egter nie net as "'n [tradisionele, JC] Afrikaner met 'n kortbroek en velskoene wat nooit tuis is nie", maar ook as 'n advokaat "wat hom soveel ergernis op die hals haal omdat hy glo in 'n vryheid soveel groter as net bevryding van die rassejuk". Bram se interpretasie van sy eie identiteit staan in teenstelling met die Nasionale Party van die tyd se rasgebaseerde opvattings. Hierdie teenstelling is 'n hoofmotief in die boek. Oom Paul, Biebouw en Jopie is aanvanklik stilswyend op die agtergrond teenwoordig. Hulle verdwyn in die middelfase uit Bram se lewe, maar keer in die slothoofstukke terug en tree daar selfs met hom in gesprek. Hul verskyning, verdwyning en herverskyning hou met die ontwikkeling van Bram se siening van sy eie identiteit verband.

Die tweede verhaallyn word deur 'n aantal verspreide hoofstukke verteenwoordig. Hulle dra dieselfde opskrif, naamlik "Douglas Black".

Hierdie hoofstukke beskryf Bram se ervarings nadat hy ondergronds gegaan het voordat hy gearresteer en verhoor is. Hulle pas by die werklike, historiese kronologie in en vul die hoofhandeling eerder aan as dat hulle 'n nuwe wending in die narratief aandui.

'n Derde verhaallyn sluit by die hoofkarakter se belewing van 'n alternatiewe werklikheid aan. Hierdie belewing, of *droom*, is nog 'n belangrike motief in die verhaal. Dit neem verskillende vorme, maar is dikwels, naas die teenwoordigheid van Oom Paul, Biebouw, Jopie Fourie en historiese figure, gevul met Bram se angsaanjaende belewenis van verminkte mense en ander skrikbeelde. Die intensiteit van hierdie belewenis neem met die verloop van die verhaal toe en bereik 'n hoogtepunt tydens sy aanhouding en eensame opsluiting. Bram vlug, sonder keuse, na 'n wêreld waar sy tronkwerklikheid en alternatiewe nagmerriewerklikheid een word.

Die laaste twee hoofstukke is die sterkste hoofstukke in die boek. Die rede lê in die skrywer se verklaring dat hy daarin eerder met Bram Fischer "as simbool" gewerk het. 'n Verdere verklaring is dat Molly na haar dood volledig deel van sy alternatiewe werklikheid word. Bram voel dat hy vir haar dood tydens 'n fratsmotorongeluk verantwoordelik was, en hierdie herinnering teister hom.

Die beskrywing van die aard van Bram en Mollie se huwelik is ongewoon. Dit is uit verskeie voorvalle in die verhaal duidelik dat Bram deurentyd getrou aan en verlief op haar gebly het. Die verhaal suggereer terselfdertyd dat sy en Bettie (du Toit) 'n lesbiese verhouding kon gehad het, maar suggereer ook dat Bram se vermoede van 'n verhouding deel van sy alternatiewe werklikheid kon wees. Oom Paul beskuldig hom teen die einde selfs van 'n vrugbare verbeelding.

Ander motiewe dra ook daartoe by dat *Rooi Jan Alleman* 'n boek is waarvan die "gewone" en "akademiese" leser kennis kan neem. Dit sluit die motiewe *os*, *wiel*, *trein*, *natuur* en *verraad* in. Die rol wat intertekste en die geskiedenis in die daarstelling van identiteit in die teks speel, kan daarby gevoeg word.

*Rooi Jan Alleman* ís 'n boek wat, soos die skrywer hom voorgeneem het, die historiese Fischer en sy kamerade se gees en geloof beklemtoon. Loots skep egter ook 'n geloofwaardige verhaal van die mens agter die naam, Bram Fischer.

*Johan Coetser*
coetsjl@unisa.ac.za
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria